# OORDELE 4
## (GROOT HOER)

## TEMA: DIE VAL VAN DIE GROOT HOER
## ANTICHRIS (Klein horinkie van Daniel Visioen)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: OPENBARING 17:1-8**

**Openbaring 17:1 En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit,**
**Open 17:2 met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery.**
**Open 17:3 En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.**
**Open 17:4 En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery;**
**Open 17:5 en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.**
**Open 17:6 En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.**
**Open 17:7 Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra.**
**Open 17:8 Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.**

-o0o-

Ek vertrou elkeen verstaan nou waarom die oordeel moet kom. (Verwys na vorige lesings)

- Die mensdom het nie uitgevoer wat God gesê het ons moes doen, met dit wat God vir ons gegee het nie.
- Die mensdom het sy eie Babilon, sy mensgemaakte sisteem, gebou.
- Die mensdom het Satan se wil gevolg. Dit het mense meer in gebondenheid, armoede en verdrukking geplaas.
- Die mens dra nie die ware, waaragtige evangelie, die regte koringkorrel se DNA, in die lewe nie.

Dit is waarom God alles moet vernietig, sodat Hy Homself kan openbaar deur Sy **Bruid**, want onthou, Hy het altyd 'n oorblyfsel. Die oorblyfsel is hulle in wie die werklike ware saad van die oorspronklike replika, die Bruidegom, is. **Dit is net te vinde in die Bruid**.

-o0o-

- Sy het net die Here in gees en waarheid gedien en sy het haar nie gesteur aan enigiets anders nie.
- Sy het Hom gevolg ter wille van vervolgings en so meer.
- Sy was bereid om offers op offers te bring, omdat sy net een ding het en dit is die liefde vir haar Bruidegom.
- Die Bruid volg die Bruidegom ter wille van die liefde, nie oor wat Hy haar kan bied nie.

**1. BABILONIESE SISTEEM**

**Waarom moet die Babiloniese sisteem eers vernietig moet word**?

Ons het gesien dat:

i) Die volheid van die heidene *(Josef)* moet inkom,

ii) Asook die Jood *(Benjamin).*

iii) Die hele Israel moet gered word. Hulle gaan net deur die oorblyfsel gered word.

- Dit is hulle wat die ware DNA het, die werklike bloedlyn van Christus Jesus, wat die Bruidegom se bloed dra.
- Dit is hulle wat nog daardie rein saad, daardie Noag, die een wat die "pure Adamic Seed" dra en daardie heilige, oorspronklike raadsplan van God vervul.

**Die Bruid is op hierdie stadium gesluier**. (*Ek gaan nie nou volledig daarin nie).*

- Rebekka het haarself gesluier toe sy Isak op 'n afstand gesien het. Daardie sluier het sy nie afgehaal voordat sy in Sara se tent ingegaan het nie, totdat dit tyd geword het dat die eenwording en die verbond tot vervulling gekom het.
- Ester het haar eie identiteit verberg sodat die koning nie geweet het dat sy 'n Joodse meisie is nie.
- Rut het haar eie identiteit verberg toe sy op die dorsvloer gegaan het, sodat die mense nie geweet het sy is 'n vrou nie. Almal het gedink sy is 'n man, want net mans was toegelaat op die dorsvloer.

Dit is waarom die Bruid vir die sisteme van Babilon vreemd is.
Hulle weet nie wie sy is nie.
Die godsdienstige sisteme ken haar nie en weet nie wie sy is en wat sy doen nie, want sy het net een ding om voort te bring en dit is om die diensknegskap, wat haar Bruidegom vir haar gegee het, met liefde uit te voer.

- Sy moet dissipels gaan maak van al die nasies,
- Hulle doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.
- Sy moet hulle leer om alles wat Hy beveel het, nie net sommige nie, te onderhou,
- Die volle evangelie uit te dra aan die mensdom, in die vorm van diensknegskap, want Jesus kom vandag nog Jerusalem, die wêreld in, op 'n donkie.
  - Hy soek net donkies, daardie diensknegskap, deur wie Hy Homself kan openbaar.

**2. KRUISIGING**

**Nou moet ons mooi gaan kyk wat by die kruisiging gebeur het.**

In die val van hierdie Babilon, het ons gesien (Romeine 11), dat die volheid van die heidene moet inkom en dat die Jood dan gered sal word.

**Wanneer gaan hulle gered word?**

Onthou, die mense is vasgevang in hierdie **5 punt ster van Lucifer.** (Verwys Oordeel 2).
Hulle kan nie uit hierdie gebondenheid wat die wêreld, satan, op hulle gebring het, kom nie.
Alhoewel die mense se harte opreg is, is die leierskap nie! Die Woord is nie reg verkondig deur die leiers nie.

-o0o-

Lees gerus Eségiël 34, dan sal julle verstaan wat ek bedoel by leierskap.

- Daar is 'n verskriklike oordeel wat gaan kom op leierskap as gevolg van die wanbestuur van God se Koninkryk hier op aarde. Dit gaan nie net oor dominees en pastore nie, dit gaan oor elkeen van ons vir wie siele in ons hande geplaas is.
- As jy byvoorbeeld 'n huisgesin of 'n besigheid het, het jy leierskap. Mense is so geneig om hul vingers na geestelike leiers te wys, maar pasop, jy het ook leierskap. As jy 'n pappa of 'n mamma is, het jy leierskap, want jy is hoof van jou huis. Wat maak jy met daardie kindertjies wat God in jou hande geplaas het? Is jy besig om hulle vir Satan groot te maak, aan Satan toe te wei, of is jy regtig besig om Koninkryk beginsels vir jou kinders te leer?
- Almal van ons is in leierskap posisies geplaas iewers in die samelewing.

**Godsdienstige Sisteme**

Die godsdienstige sisteme is 5 konings.

- ♦ Dit is juis hierdie 5 konings, nie net die 5 sintuie nie, maar hierdie 5 punt ster van Lucifer, van Babilon wat wil verhoed dat die opstanding plaasvind.
- ♦ Want as die opstanding plaasvind dan sal mense sien dat alles was leuens gewees.
- ♦ Alles waarop almal al die jare gebou het, was leuens want die **Waarheid** het opgestaan.
- ♦ Die Waarheid vernietig die 5 konings; vernietig die leuens.
- ♦ Dit is die 5 konings van Josua wat aan die pale opgehang moes word (Josua 10).
- ♦ Dis hierdie 5 punt ster van Lucifer en is ook n heenwysing na die 5 sintuie van die mens wat in die vlees funksioneer maar ook na hierdie 5 punt ster van Lucifer toe.

**Jesus se Graf**

i) Voor die opstanding van Christus Jesus, het die Sanhedrin vir Pontius Pilatus gevra om die graf te verseël en wagte daar te plaas, omdat die verleier *(verwysend na Jesus)* gesê het Hy op die 3de dag sal opstaan. Pilatus het so gemaak. (Matt 26:62-66)

ii) Daar moes die 5 sintuie, dit is die 5 konings van Josua wat aan die pale moes opgehang word, beheer by die graf geneem het om te verhoed dat die opstanding plaasvind.

iii) Dit is die godsdienstige sisteme. Dit is juis hierdie 5 konings, nie net die 5 sintuie nie, maar ook hierdie 5 punt ster van Lucifer, van Babilon, wat moes verhoed dat die opstanding plaasvind.

iv) As die opstanding plaas gevind het, kon mense sien dat alles waarop almal gebou het al die jare, leuens was.
- die Waarheid het opgestaan
- die Waarheid vernietig die leuens,
- die Waarheid vernietig die 5 konings van Josua wat aan die pale opgehang moes word, (Josua 10)
  - ✓ dit is ook n heenwysing na die 5 sintuie van die mens wat in die vlees funksioneer
  - ✓ dit is ook 'n heenwysing na hierdie 5 punt ster van Lucifer.

v) Die Bybel sê, in die oggend van die 3de dag, met die openbaring van die opstanding, was daar 'n skudding. Ons is nou in die oggend van die 3de dag.

vi) Dit is presies die skudding wat in Haggai 2:6-7 voorkom, waarvan ons nog die hele tyd praat, die val van Babilon. Dit is die oordeel wat moet kom.

vii) Die skudding het gemaak dat die klip wegrol, en toe die klip wegrol, kon die opstanding plaasvind. Die klip is juis wat die opstanding moes verhoed het. Dit is die Babiloniese sisteem, hard, genadeloos, ongekend, liefdeloos, sonder lewe.
- Dit is soos 'n harde rots wat voor die graf geplaas is sodat die opstanding nie kon plaasvind nie.

-o0o-

- Dit is die vleeslike dimensies en al hierdie sisteme, hierdie 5 punt ster van Lucifer, wat leweloos, doelloos is en niks beteken nie.
- Hy is net daar om te verhoed dat die waaragtige waarheid opstaan.

viii) Die aardbewing het gemaak dat die klip wegrol en toe die klip wegrol, kon die opstanding plaasvind. Sodra die klip weggerol het en die oordeel kom op hierdie aarde, sal alles bly staan.

Dit is presies wat ek gesien het in daardie visioen.
Die Bruid het wel op haar knieë neergeval, maar nie uit bewing en vrees nie. Sy het op haar knieë neergeval uit eerbied, liefde en aanbidding vir haar hemelse Bruidegom.
Hierdie oordeel het nie op haar gekom nie.
Die oordeel het op die wêreld gekom en op almal wat in hierdie Babiloniese sisteem vasgevang is.

## ANTICHRIS

**Open 17:1 En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit,**

Hierdie groot hoer is die Babiloniese sisteem, waarmee Satan die hele wêreld vas hou. Die baie waters is die volke, nasies en tale.

**Open 17:2 met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery.**

Dit is die invloed wat die hoer gehad het op die mensdom!

**Open 17:3 En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.**
**Open 17:4 En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery;**

Kyk die verskriklike sondes, manipulasie en alles wat sy gehad het.

**Open 17:5 en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.**
**Open 17:6 En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.**
**Open 17:7 Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra.**
**Open 17:8 Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.**

Hierdie Babiloniese sisteem

- is gevestig op hierdie dier,
- is gevestig op hierdie 5 punt ster,

- op hierdie regering van Satan, sy volledige regeringskap, wat 'n houvas het op die aarde.

Ons sien wel dat daar mense is wie se name nie in die Boek van die Lewe geskryf is voor die grondlegging van die wêreld nie. Hulle is die mense wat dit nooit sal maak nie, wat na die ewige verdoemenis toe gaan en oordeel sal op hulle kom. Dit is hulle wat die dier aanbid het en verwonderd was, sê die Bybel. Hulle was verwonderd as hulle die dier sien *wat was en nie is nie, alhoewel hy is*. Wat beteken dit?

Hierdie dier gaan die **Antichris** wees.
As totale oordeel op die aarde gekom het, gaan hierdie dier opstaan.

- Alles het geval, is platgevee en daar is nie meer landsgrense nie.
- Daar is nie politieke sisteme nie want hulle was nog nooit daar tot voordeel van die mense gewees nie, dit was net daar tot verryking van hulself.
- Tradisies, Mammon/geld, hoerery, okkulte, alles is vernietig.

Dit is daardie een **horinkie** wat in Daniël van gepraat word. Die een horinkie staan tussen die ander op en hy sal dan sê dat hy van hierdie chaotiese en deurmekaar wêreld 'n sukses sal maak.

- Hy sal die hele wêreld verdeel in tien streke.
- Dit is die tien konings en die tien horings.
- Hy sal In hierdie tien horings funksioneer.
- Een koning, net die Antichris, sal funksioneer.

Hulle sal na die wegraping heers en die hele aarde oorneem. Daar sal 1 polisie stelsel, 1 weermag stelsel, 1 geld stelsel, 1 geloof stelsel wees. Hierdie een horinkie sal koning wees van alles. *(Ek gaan nie nou volledig daarin nie).*

Die ongelowiges, die wat nie bestem is tot redding nie, sal hierdie dier bewonder *wat was en nie is nie, alhoewel hy is*. Wat beteken dit? Dit is dieselfde gees wat in Hitler, Nero en in al die mense was wat die Jood vervolg het, deur al die millennia.

- Hy *was* daar, so hy was aktief.
- Hy *is nie*, so hy is nie nou aktief nie,
- *alhoewel hy is,* maar tog is hy daar.

Dit beteken dat hy aktief was. Hy is nie nou aktief nie, maar hy is nou nog daar. Hierdie gees sal weer in die Antichris intrek. Hy sal dan totale heerskappy oor die aarde, hierdie chaotiese wêreld, uitvoer. Hy sal 'n suksesvolle sisteem maak, soos wat die mense sal dink. Hy sal homself dan in die plek van die Messias plaas en sê, "ek is die Here".

-o0o-

## Bykomende Skrifgedeeltes

**Haggai 2:6** Want so sê die HERE van die leërskare: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe.

-o0o-

Hag. 2:7  Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die HERE van die leërskare.

**Matthéüs 27:62** Die volgende dag—dit is die dag ná die voorbereiding—kom die owerpriesters en die Fariseërs by Pilatus saam

Mat 27:63  en sê: My heer, ons herinner ons dat dié verleier, toe hy in die lewe was, gesê het: Oor drie dae staan ek op.

Mat 27:64  Gee dan bevel dat die graf verseker word tot die derde dag toe, dat sy dissipels nie miskien in die nag kom en Hom steel nie, en vir die volk sê: Hy het opgestaan uit die dode. En die laaste dwaling sal erger wees as die eerste.

Mat 27:65  Daarop sê Pilatus vir hulle: Julle sal 'n wag kry; gaan verseker dit soos julle dit verstaan.

Mat 27:66  En hulle het gegaan en die graf verseker deur die steen te verseël in teenwoordigheid van die wag.

**Daniël 7:8** Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek.

Dan 7:20  en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander.

Dan 7:21  Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin,

-o0o-

-o0o-